# BULLETIN

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

28 September 2025

## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.

## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Jeanne | Harmse | 09/28 |
| Emil | Herfurth | 09/28 |
| Christelle | Huisamen | 09/29 |
| Kowie | Mc Pherson | 09/29 |
| Ben | Bester | 09/30 |
| Philene | Blom | 09/30 |
| Dick | le Roux | 09/30 |
| Frikkie | vd Berg | 10/01 |
| Alta | vd Merwe | 10/01 |
| Daniella | Conradie | 10/02 |
| Isabel | Conradie | 10/02 |
| Leandi | Crous | 10/02 |
| Zarine | Grobbelaar | 10/02 |
| Amanda | Niemand | 10/03 |
| Bennie | Crous | 10/04 |
| Adeline | Viljoen | 10/04 |

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 28/09**
09h30 Struisbaai
Nagmaal
Spesiale Kollekte:
Lidmaatbediening
Kategese
**Dinsdag**
10h00 Angs-en depressiegroep
14h00 Klerebank
**Woensdag**
09h00 Dagbestuur
*17h30 Gebedsgeleentheid*
**Donderdag**
Barmhartigheid
**Vrydag**
Skole sluit
**Saterdag**
Barmhartigheidbasaar

**EREDIENSTYE 05/10**
09h30 L'Agulhas
Kategese
Spesiale Kollekte:
Jan Kriel Instituut

### Blokbyeenkoms

Alfa en Protea wyke hou 'n gesamentlike blokbyeenkoms, 14 Oktober 17h30 vir 18h00. Kom geniet 'n gesellige aand met Woord en kuier. Bevestig asseblief u teenwoordigheid teen Maandag, 13 Oktober 2025. Dawie Theron 0828946070.

### NUWE INTREKKERSBOEK

As jy nuut is in ons gemeente, skryf gerus jou besonderhede in die nuwe intrekkersboek. Daar lê so 'n boek in albei ons kerkgeboue. Ons sal jou graag beter wil

### KERSSANGDIENS - KOOR

Kom sluit by ons aan. Nou is die tyd! Ons begin in Oktober oefen aan ons repertoire vir KERSFEES! Ons oefen Donderdae in Struisbaaikerk, van 15h00. ALMAL is welkom! Kontak Christa-Marié by 0825562850.

**Teksvers vir die week:** Heb13:2
Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.

## Ons bid vir...

1. Deon Meyer, Leon Wessels, Marietjie Bruwer en Rae Walker wat herstel na operasies.
2. Bediening aan Jode.
3. Die Barmhartigheidbasaar op 4 Oktober.
4. Lidmaatbediening en Gasvryheid in ons gemeente.
5. Almal wat versorging benodig, mense wat hulle siekte moet bestuur en diegene wat eensaam en hartseer is.

## Koor

Ons koor sing Sondag, 28 September, in Struisbaaikerk met NAGMAAL. Kom luister! Mona Marais is die solis en sy sing uitstekend!

## BARMHARTIGHEIDBASAAR 4 Oktober

Skakel asseblief met Marietjie Hansen (084 408 9472) as jy produkte wil skenk of wil help met die basaar vir Barmhartigheid. Indien jy poeding kan maak, kontak asb vir Cecile 0721966879. Bring asb leë2 lt roomysbakke Kerkkantoor toe. As jy klere of bykomstighede wil skenk wat nog in 'n goeie toestand is, kan jy dit by die Kerkkantoor afgee, Dinsdae tot Donderdae, 09h00 tot 12h00, gemerk JOANIE (072 519 3170). Daar word pannekoek, jaffels, koek, terte, poeding, vetkoeke, kerrievleis, boeke, wit olifante en tweedekansklere verkoop.

## COENIE DE VILLIERS

Kaartjies vir ons koor se optrede saam met Coenie kan by Letty-Ann Möller (076 712 9026) bespreek word. Die konsert geskied op 20 Oktober in Bredasdorp se NG Kerksaal.

## LIDMAATBEDIENING

Fokus val op die bevordering van geestelike groei by lidmate & die versterking van gemeenskap van lidmate. Dit kan geskied by wyse van Kleingroepe (koor, werkgroepe, Bybelstudiegroepe, omgeegroepe, ensovoorts) erediensbestuur, spesiale funksies vir lidmate en die integrasie van nuwe lidmate in ons gemeente. Daarby saam wil ons lidmate laat gemaklik en tuis voel in ons gemeente deur die wyse waarop ons mense ontvang en by aktiwiteite laat betrokke raak. Lidmate, nuut en oud, word Sondae by ons kerk se deure welkom geheet en die bulletin word uitgedeel. Tee en koffie word voor die aanvang van die diens in l'Agulhas voorsien en na afloop van die diens in Struisbaai. Die idee is dat ons dan meng en mekaar ontmoet. Spesiale aandag kan aan besoekers en nuwe inwoners gegee word by so 'n geleentheid. Waak daarteen om net met bekendes te praat. Funksies wat gerig is op spesifieke teikengroepe (nuwe intrekkers, blokbyeenkomste, manne-, damesoggend, Moeder-en Vadersdag, wêreldbiddae, gebedsgroepe, jeugaande, 80 Plussertee) moet asseblief na waarde geag en ondersteun word. Dit is waar jy nuwe mense kan ontmoet en hulle vir jou! Graag word amptenare en lidmate versoek om mekaar meer gereeld te besoek. Weet jy wie langs jou, oorkant jou en agter jou woon? Gasvryheid en uitreik na mekaar word van almal van ons verwag.

## Doen & Deel

### DANKIE VIR

1. Die goeie nuus dat daar geen kankerselle meer by Andrew Fraser is nie.
2. Die organiseerders van die 80's funksie, sê Antoinette Smit. Sy sê dit was so spesiaal en hulle het dit terdeë geniet.
3. Ina Niehaus sê ook hartlike dank.
4. Jerome Daries bedank Karin Michau en almal wat haar gehelp het (namens die mense van Struisbaai-Noord). Hy sê ook dankie vir die besonderse wyse waarop die Evangelie verkondig is.
5. Almal wat op facebook reageer het op ons foto's. 107 mense het van Alec en Connie se foto gehou, hulle is 70 jaar getroud!
6. Arthur en Francien Cumpsty wat die langste periode lidmate van ons gemeente is. Arthur was onder andere deel van die Msinga uitreikspan en Francien dien nou nog in ons Kerkraad - twee staatmakers, soos Mariette Koch sê.
7. 1 065 volgelinge op ons facebookblad! NG Gemeente Suidpunt Struisbaai/Agulhas - volg ons!
8. Kobus Meyer wat eerste gekom het in sy ouderdomsgroep en 11de in die Voet van Afrika! Baie geluk, Kobus! Jy is 'n ster!